CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

CLF stel bekend - *From my own to the unknown and back to my own*



Die segregasiewette van die tragiese apartheidsjare in Suid-Afrika het kontak en interaksie tussen kulturele groepe beïnvloed. Hierdie beperkte kontak en interaksie het gelei tot 'n gebrek aan begrip van ander kulture wat bygedra het tot vooroordeel en onverdraagsaamheid, wat op sy beurt tot pynlike interkulturele ervarings gelei het. Interkulturele verhoudings wat die sosiale welsyn van individue en groepe beïnvloed, hang nie net van etnisiteit af nie, maar die konsep hou ook verband met geslagsgroepe, ouderdomsgroepe, seksuele oriëntasie en so meer.

In hierdie boek word die leser bekend gestel aan 'n reis of 'n proses om na positiewe interkulturele bewustheid te beweeg. Die hoop is dat hierdie positiewe bewustheid kan lei tot 'n verbeterde begrip van ander kulture en wat voorts kan lei tot verdraagsaamheid tussen kulturele groepe en 'n viering van die waarde van diversiteit wat interkulturele verhoudings sal transformeer.

Die titel van hierdie boek *From my own to the unknown and back to my own*, plaas die klem op die praktiese reis na interkulturele verhoudings. Die gedagte hieraan het diep te make met die transformasie van onsself wat plaasvind in die reis met die onbekende, wat dan weer 'n transformatiewe impak op onsself het.

Kontak CLF by +2721 873 6964 of stuur ‘n e-pos aan order@clf.co.za, sou u ‘n eksemplaar wil bestel.